

Gereformeerde Kerk Bellville – 4 Maart 2018 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 54:1, 2 (p. 272)

- 1 O God, verlos my deur u Naam, / toon my u mag en rig regvaardig!
HEER, neem my aan, hoeseer onwaardig, / hoeseer tot bidde onbekwaam!
Want vreemdes, teen my opgestaan, / tiranne, aan misdaad oorgegewe,
soek bloedbegerig na my lewe; / Gods hoogheid jaag geen vrees hul aan!
- 2 Maar ek sal op u bystand bou: / U sal hul op die oorlogsvelde
die kwaad, my aangedoen, vergelde. / Vernietig hulle in u trou!
Dus sal 'k met vreug in my gemoed / gewillig aan U offer, HERE;
ek sing my lof, u Naam ter ere, / want, HEER, u Naam alleen is goed.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 92:1, 2 (p. 466)

- 1 Wie sou die HEER nie prys nie, / as weer met nuwe gloed / 'n rusdag ons begroet?
Wie Hom nie dank bewys nie / in stille môrewagte, / as ons sy guns omring?
Wie vir sy trou nie sing / 'n loflied in die nagte?
- 2 Wie sou die troue HEER nie – / Hom wat sy gunste^o ons bied – / met hooggestemde lied
by harp- en luitspel eer nie? / Hy maak weer los my bande, / Hy maak my tong weer vry;
ek roem sy dae bly, / die werke van sy hande.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 141:1, 3 (p. 683)

- 1 As daar vir my geen hulp of raad is, / roep ek, o HEER, hoor my gebed!
Ag, haas U tot my hulp, en red / voordat dit hier met my te laat is.
- 3 Mag nooit my woord U smaad, o HEER, nie! / Rys smaadtaal uit die hart se grond –
ag, wil dit wegweer van my mond, / dat ek u Naam nooit mag onteer nie!

Gebed

Psalm 127:1, 2 (p. 624)

Skriflesing: Haggai 1

Kernverse: Haggai 1:8

**Klim op die berg en bring hout aan en bou die huis; dan sal Ek 'n
welgevalle daaraan hê en My verheerlik, sê die HERE.**
(Haggai 1:8 AFR53)

Tema: Is God se wil en sy koninkryk regtig vir jou die heel belangrikste?

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, elkeen van ons se tye is in die hand van die Here. Ons geboortedag het Hy bepaal. Hy alleen ken ons sterfdatum. Dawid skryf in Psalm 139 dat al sy lewensdae in die boek van die Here opgeskryf is nog voordat hy gebore is. Elke oggend is 'n nuwe dag wat ons uit die hand van die Here ontvang. Niemand weet hoeveel dae daar nog vir hom oor is nie. Niemand weet of vandag die laaste dag is wat hy gekry het nie. Aan die hand van Psalm 90 weet ons ten minste dat mense oor die algemeen tussen sewentig en tagtig jaar se dae ontvang. Sommiges

ontvang meer as tagtig jaar se dae. Maar daar is ook ander mense vir wie die Here selfs minder as sewentig jaar se dae gee.

Elke mens gebruik elke dag wat hy ontvang op. Ons gebruik ons dae op verskillende maniere. En wanneer die horlosie vannag middernag slaan, is hierdie dag verby. Ons kry hom nie oor nie. Wanneer 'n mens beseft dat jy net een kans het om 'n dag te gebruik, kom 'n mens agter dat dit dom is om 'n dag te vermors. Maar hoe kan 'n mens jou dae met wysheid gebruik? Wanneer 'n mens jou dag en dit wat jy gaan doen so beplan dat God verheerlik word, dan gebruik jy jou dag met wysheid. Om wys te lewe beteken dus dat jy jou dag gebruik in die lig van die ewigheid. Dit is egter nie altyd so maklik nie, want baie maal is dit nie 'n keuse tussen reg en verkeerd nie, maar tussen reg en beter.

In die boek Haggai leer die Here ons om die belangrikste sake eerste te stel in ons lewe. Die mense met wie die Here hier praat is mense soos ons. Hulle sou vir jou gesê het dat God die belangrikste is in hulle lewe. Hulle het nog so gesê, maar hulle lewenstyl het dit nie meer vertoon nie. Die Here het vir Haggai gestuur om die volk wakker te maak sodat hulle weer die regte perspektief op sake kan kry en die belangrikste sake eerste stel in hulle lewe.

Op 29 Augustus in die jaar 520 vC het die wekker skril afgegaan in Jerusalem. Haggai moes die volk uit hulle gewoonte wakker roep. 'n Wekker se geskree vroeg in die oggend is nie 'n geluid wat 'n mens graag wil hoor nie. So is Haggai se eerste boodskap ook miskien nie een wat ons graag wil hoor nie. Ons is mos gelowiges. Ons weet en vertrou dat Jesus Christus ons verlos het.

Dit is waar – ons bely dat Jesus Christus ons vir God gekoop het. Ons weet dat ons lewe aan Hom te danke is. Maar is God se wil en sy koninkryk nog steeds vir ons die belangrikste, soos wat Jesus ons leer?

Broers, susters en kinders, alle mense – ook gelowiges – dink van nature heel eerste aan hulleself en hulle eie voorspoed. As 'n gelowige nie doelbewus daaraan dink wat hy met sy lewe doen nie, gaan hy outomaties net aan homself dink en nie aan God nie. Dan leef jy net vir jouself en die Here en sy wil raak vergete. Elkeen van ons wat ons vertrou in Jesus Christus stel as ons Verlosser weet dit is dom om vir die dinge van die wêreld te lewe. Ons natuurlike geaardheid sien altyd die beste in die wêreldse dinge raak. Ondervinding het ons al geleer dat jy nooit die voordeel en bevrediging kry wat die wêreldse dinge aan jou belowe het nie. Daar is nou maar net nie 'n manier dat jy ware vreugde en blydschap kan geniet as God nie in die prentjie is nie. Ons weet al hierdie dinge en ons leer dit graag vir ons kinders en ander mense. En tog draai ons self so maklik en so dikwels na die wêreldse dinge toe as ons nie daarteen waak nie. In die woorde van Haggai – ons is almal geneig om ons eie voorspoed bo God se huis te stel.

Voordat ons ongemaklik word met hierdie beskuldiging, moet ons luister wat die Here ons hier leer. Die mense met wie Haggai gepraat het, was toegewyde gelowiges. In Babilonië het dit relatief goed met hulle gegaan. Hulle het huise en werk gehad. Baie van hulle is in Babilonië gebore en was nog nooit in Jerusalem nie, maar hulle het geweet dat God se plan met sy volk nog altyd die beloofde land ingesluit het.

En toe die geleentheid hom voordoen om terug te keer na die beloofde land, was hulle die eerstes wat gesê het hulle is bereid om te gaan. Hulle het die gemaklike lewe in Babilonië agtergelaat en die lang en moeilike reis aangepak om na hulle land terug te keer. Maar dit

is 'n land wat deur oorlog verwoes is. Huise moes weer gebou word. Landerye moes weer aangelê word.

Hulle was skaars in Jerusalem toe hulle begin het om die tempel te herbou, maar as gevolg van die smeerveldtog van die Samaritane teen hulle moes hulle die werk staak. Geleidelik het hulle gewoon geraak aan die idee dat die tempel nie herbou mag word nie en op die lang duur was die huis van die Here nie meer vir hulle 'n prioriteit nie. Dit sou lekker wees om die tempel weer herbou te sien, maar dit kan eenvoudig nie nou gebeur nie – dit is te gevaarlik. En na veertien jaar van dieselfde verhaaltjie kan jy jouself indink dat die herbou van die tempel ook nie meer so belangrik is nie.

Hoe lyk ek en jy in hierdie prentjie? Dink aan daardie dag toe ons belydenis van geloof gedoen het. Op daardie dag was daar niks en niemand belangriker as die Here nie. Hardop het ons bely dat Jesus Christus ons Here is. Dink ook aan daardie keer toe jou kind gedoop is of toe die Here jou uit 'n baie groot nood gered het. Elkeen van ons se harte het regtig warm vir die Here geklop. Ons was toegewyd in ons huisgodsdien en persoonlike Bybel-studie. Miskien het ons ook meer deelgeneem aan die aktiwiteite in die gemeente waar ons ons gawes regtig tot en saligheid van ander lidmate aangewend het.

Maar toe het daar dinge gebeur wat dit al moeiliker gemaak het. Miskien was dit 'n ander lidmaat wat onbedagsaam was en iets gesê het wat jou seergemaak het. Of miskien het jy hart en siel vir die Here gegee in 'n projek, maar jy was teleurgesteld oor die uitkoms.

Intussen het die lewe aangegaan – jou beroepslewe het spoed gekry, die gesin het gegroei. Daar het so baie nuwe verantwoordelikhede bygekom en sonder dat jy dit bedoel het, het die Here, sy Woord en sy kerk op die agtergrond geraak. Jy is nog in eredienste en jy lees nog Bybel en bid, maar dit is nie regtig meer so belangrik soos vroeër nie. Jy het nie nou tyd om te dien as 'n wyksuster of 'n ouderling nie. Daar moet seker iemand anders in die ge-meente wees wat minder verantwoordelikhede het wat kan dien. Jy is nie opstandig teenoor die Here nie. Jou eie dinge het net geleidelik 'n groter rol in jou lewe begin speel en nou is dit belangriker as die huis van die Here. Ja, soms pla ons gewete ons nog. Wanneer dit ge-beur dink ons aan 'n klomp redes waarom dit nou so in ons lewens gaan.

Die volk met wie Haggai moes praat het ook redes aangevoer waarom hulle nog nie die huis van die Here kon herbou nie. Die Here verwoord hulle rede in vers 2. Wanneer die Here hulle rede aan hulle voorhou, hoor 'n mens die teleurstelling in sy stem. Die Here praat nie van *my volk* nie maar van *hierdie volk*. Hierdie volk sê die tyd het nog nie gekom om die huis van die Here te bou nie.

En as jy hulle sou uitvra, sou hulle vir jou sê: Moet my nie verkeerd verstaan nie, ek is heeltmaal ten gunste van die herbou van die tempel. Maar die tyd en omstandighede is nog nie reg nie. Daar is nog die bevel van die koning van Kores wat die herbou verbied het. En jy sien hoe droog dit is – die oes het hierdie jaar weer nie goed opgelewer nie. En daar is nie genoeg goeie werk nie – almal sukkel maar. En na gelang van waar 'n mens die sewentig jaar van die ballingskap tel wat die Here aan Jeremia geopenbaar het, sou hulle selfs uit die Bybel kon regverdig waarom hulle nie nou al kan bou aan die huis van die Here nie. Sedert 586 vC tot 520 vC het daar maar ses en sestig jaar verloop.

Geliefdes, ons gelowiges is ook nie ver agter met verskonings nie. Wanneer die ouderling uitvra, het ons al klaar 'n rede gereed waarom ons nie die Here en sy huis eerste kan plaas nie. Die kinders se skoolklere is so duur en dan nog die skoolfonds ook. My mediese uit-

gawes was hierdie jaar baie hoog. Maar as die kinders uit die huis is, sal ek weer tyd hê. Wanneer ek my mediese rekenings klaar betaal het, sal ek weer kan dink aan die Here en sy huis.

Die volk in Juda was nie verkeerd oor die redes wat hulle aangevoer het nie. Hulle het droogte beleef. En die droogte het hulle basiese kos – koring, wyn en olie – geraak. Tye was regtig moeilik. En as jy so sukkel om die dinge bymekaar te hou, let jy nie meer goed op wat aan die gang is nie. Al jou aandag en energie word na hierdie probleem toe afgetrek. Hulle sou self ook kon redeneer: Die Here weet mos hoe swaar ons kry. Hy sal verstaan dat ons nie nou die tempel kan herbou nie.

Die volk se aandag en energie was so gefokus op hulle swaarkry dat hulle nie agtergekom het dat die Here nie net verstaan nie. Hy het die droogte oor hulle beskik. Daarom roep Hy hulle twee maal op om goed op te let wat aan die gang is. Hulle het so gefokus geraak om siel en liggaam aanmekaar te hou dat hulle nooit stil geraak het om te vra wat die Here besig is om met hulle te doen nie. Omdat hulle nie self stil geraak het nie, het die Here vir Haggai as sy wekker gestuur om vir hulle te sê dat hulle prioriteite nie reg is nie.

Wanneer 'n mens jou voorspoed bo God en sy koninkryk stel, verloor jy die geestelike ingesteldheid wat nodig is om uit die dryfsand te kom. As 'n mens net spook om daaglikse kos wat vergaan te kry, vergeet jy maklik van die kos wat jy nodig het vir die ewige lewe. Die brood wat ons vir die ewige lewe nodig het, is Jesus Christus en niemand anders nie.

Ja, in 'n mate het die volk in Juda voorspoed geniet – hulle het mooi getimmerde huise gehad. Maar al het hulle die mooi huise gehad, het hulle tog op die ou end agtergekom dit bevredig nie. Hulle saai so baie, maar oes so min. Jy werk so hard, maar dit is asof jou geld in 'n bodemlose put verdwyn en jy kan niks wys daarvoor nie. En so 'n toestand maak dat 'n mens gou-gou soos die digter van die boek Prediker praat: Alles is tevergeefs!

'n Mens kan hard en vlytig besig wees met baie goed en belangrike goed ook. Maar as 'n mens dit met 'n selfgesentreerde motief doen, beteken al daardie harde werk net mooi niks nie. Jesus leer ons in die Bergpredikasie 'n goeie les. Soek allereers die wil en die koninkryk van God en al die ander dinge wat jy nodig het, sal Hy vir jou gee. Dit is iets wat elke gelowige homself heeltyd moet afvra. Waarom doen ek dit wat ek nou doen? Doen ek dit om die Here tevrede te stel of myself tevrede te stel.

As gelowiges moet ons doelbewus en aanhoudend God en sy huis bo ons eie voorspoed stel. In die dae van Haggai het die huis verwys na die tempel in Jerusalem waar die offers gebring is en waar die Here gedien is. In die Nuwe Testament het ons nie meer die tempel nie. Mense wat deur Christus verlos is, word deur die Heilige Gees heilig gemaak om self 'n tempel van die Here te wees. Daarom moet ons as gelowiges voortdurend let op die dinge waarmee ons besig is. En ons moet onself vra: Kan die Heilige Gees tuis wees in my lewe wanneer ek met hierdie dinge besig is? Gebruik ek my tyd om Christus deur die geloof nog beter te ken en help ek ander mense om Hom te leer ken? Omdat ons van nature geneig om ons materiële voorspoed bo ons geestelike voorspoed te plaas, moet ons heeltyd ywerig stry teen ons eie geaardheid.

Ek is daarvan oortuig dat daar groot blydskap in die hemel was toe Haggai die woorde gespreek het. Kyk net na vers 12. Die leiers van die volk en die hele oorblyfsel van die volk het hulle nie opgeruk vir Haggai nie. Hulle het besef dit is die Here wat met hulle praat en het gehoor gegee aan sy stem. En die volk was vervul met vrees voor die aangesig van

die Here. Hulle het ontsag gekry vir die Here en hulle bekeer van hulle verkeerde sienings. Daarvoor was daar groot blydschap in die hemel.

Ons bely dat die Bybel God se lewende Woord is. Die heilige God praat met ons. Daar is net een van twee antwoorde moontlik op die Woord van die Here – verharding of bekering. Om God se wil en sy koninkryk eerste te soek moet ons gereeld en aanhoudend kyk of ons prioriteite nog reg is.

Om gereeld na 'n mens se prioriteite te kyk is nie so moeilik nie. Daar is 'n paar eenvoudige vrae wat 'n mens jouself moet afvra en voor die Here eerlik beantwoord. Vrae soos: Maak ek nog tyd om na die Here te luister en met Hom te praat? Hoe bestee ek my geld wat eintlik God se geld is? Wat is my doelwit in die lewe – is dit regtig om een met Christus te wees? Waaroor dink ek die meeste van die tyd? Wie is my vriende en hoekom wil ek so graag in hulle geselskap wees? Wat doen ek met ledige tydies?

Wat is die resultate wanneer 'n mens die Here gehoorsaam deur Hom en sy huis bo jou voorspoed te stel? Wanneer gelowiges die Here se wil en koninkryk eerste soek, gebeur daar drie dinge. God het 'n welgevalle in die gehoorsaamheid van sy kinders en Hy verheerlik Homself. Die Here kyk met tevredenheid na sy kinders en Hy sê dit is goed. Hy word ver-heerlik, want eiewyse mense is nou bekeer en gewillig en bereid om vir die Here te lewe.

Die tweede ding wat gebeur is dat die werk van die Here gedoen word. Toe die leiers en die volk hulle bekeer het, het die Here hulle gees opgewek en drie weke later begin hulle met die herbou van die tempel. Mag die Here ook ons gees opwek nadat Hy ons bekeer sodat ons sy werk kan doen.

En die derde ding wat gebeur, is dat die Here sy seën aan die volk beloof. Sy seën is nie iets nie maar Hyself. Hy het vir sy volk gesê dat Hy met hulle is. Daar is nie 'n groter seën as om die Here saam met jou te hê wanneer jy jou werk moet doen nie. As dit dan voel of die Here ver is, kan ons maar weer na ons prioriteite kyk. Sonder dat 'n mens dit doelbewus besluit, gebeur dit dat ons die Here en sy wil en koninkryk agtertoe skuif, want dit is ons natuurlike geaardheid om eerste aan ons eie belange te dink.

Christus het egter vir ons aan die kruis gesterf. As Hy vir jou gesterf het, kry jy deur die Heilige Gees die krag uit Christus se dood om jouself as dankoffer aan Hom toe te wy, want jou natuurlike geaardheid kan nie meer oor jou heers nie.

Amen!

Slotgebed

Psalm 40:3, 4 (p. 205)

- 3 Grootmagtig was u daad. Hoe meld my mond / u wonders so oneindig ryk?
Wie is op aarde^oaan U gelyk? / Wie kan, o HEER, u grootheid ooit deurgrond?
Geen gawe^oof offerande, / gebring deur mensehande, / was ooit u wil of eis.
U het my oor deurboor, / dat ek u woord kan hoor / as hoogste dankbewys.
- 4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;
diep in my ingewand / waar liefde^oen ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Katkisasieopening

Skrifberyming 3-4:1, 2, 5

- 1 U, Christus, is my lewe, / die sterwe wins vir my.
In lewe en in sterwe / is ek aan U gewy.
- 2 As ek nog hier moet lewe, / beteken dit vir my
dat ek vir die gemeente / nog langer diensbaar bly.
- 5 U is my hoogste vreugde, / aan U is ek gewy;
in lewe en in sterwe / sal U steeds by my bly.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
4 Maart 2018